

# 'N OORLOG WAT TE VOET GEVEG IS: DIENSPILIG-INFANTRIESOLDATE IN DIE GRENSOORLOG, 1973-1989

Gert van der Westhuizen<sup>1</sup>

## *Abstract*

*The role of infantry soldiers in the Bush War has not yet been sufficiently recorded. The nature of the war was mostly undramatic, unromantic and anything but glamorous. Furthermore, in the new political dispensation it was not politically correct for ex-national servicemen to talk about their war experiences. However, they played a crucial role, especially by their never-ending patrols during which they had to fight against nature and the elements and suffer from fear, hunger, thirst and exhaustion. Back in their bases, boredom was their greatest enemy. No wonder that many of them still carry the scars of the war.*

## 1. INLEIDING

'n Mens behoort deesdae seker nie verbaas te wees as daar steeds diegene is wat vra of die bestudering van die Grensoorlog, of selfs aspekte daarvan, werklik nodig is nie. In 'n Suider-Afrika wat oor die laaste twee dekades radikaal verander het, is dit volgens sommige mense nog nie polities korrek om oor die Grensoorlog, of die Bosoorlog, soos dit ook in Suid-Afrika genoem word, te praat of te skryf nie. Dit was immers een van daardie konflikte van die 20ste eeu waar die skeidslyn tussen die spreekwoordelike “goeie ouens” en die “slegte ouens” selde baie duidelik was of steeds is. Suid-Afrika se Grensoorlog van 1966-1989 teen die People's Liberation Army of Namibia (PLAN), die gewapende vleuel van die South West Africa People's Organisation (SWAPO), in die destydse Suidwes-Afrika (Namibië) was daarby baie beperk in omvang as 'n mens dit vergelyk met ander gewapende konflikte van die 20ste eeu. Dié oorlog het wel van tyd tot tyd na Angola oorgespoel waar Angolese en Kubaanse soldate ook daarby betrokke was. Die burgerlike bevolkings van Suid-Afrika, Namibië en Angola het voorts 'n hoë prys betaal in die 23 jaar wat die konflik voortgesleep het. Tog was dit nie naastenby so dramaties of vernietigend soos so baie ander oorloë waarvan die geskiedenis al kennis geneem het nie. Die ondramatiese, onromantiese en glanslose aard van die Grensoorlog vir die meeste mense wat daaraan deelgeneem het, laat 'n mens onwillekeurig dink aan wat Karel Schoeman oor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 geskryf het:

<sup>1</sup> Johannesburgse joernalis. E-pos: gvanderw@beeld.com

“In spite of subsequent attempts to dramatise or glamorise the events of the war, drama and excitement were in actual fact relatively scarce, and for the greater part, and for the majority of those involved, it was a time of boredom, frustration, futility and physical discomfort, of separation, disruption and destruction, difficulties of transport and supply, dysentery, blisters, dust, mud, flies and lice, against a constant background of actual or potential violence and danger.”<sup>2</sup>

Boonop sal die Grensoorlog, ondanks sommige propaganda-aansprake en hoewel geen mens se lewe ooit gering geskat moet word nie, nie onthou word as een van die grootste of bloedigste oorloë van alle tye nie. Trouens, wat bloedvergieting en bitterheid in 'n uiters gewelddadige 20ste eeu betref, is dit skaars vergelykbaar met die Rhodesiese Bosoorlog, die Angolese Burgeroorlog of die Mosambiekse Burgeroorlog van dieselfde era op dieselfde subkontinent. Suid-Afrika se doelwitte met die Grensoorlog was byvoorbeeld redelik beperk. Die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het volgens 'n voormalige bevelvoerder nie geglo in 'n militêre oplossing vir SWA/Namibië se probleme nie. Die SAW wou die insypeling van PLAN-insurgente uit Angola tot Owamboland in SWA/Namibië beperk en wat bestempel is as 'n “gewelddadige rewolusionêre” regeringsoorname verhoed. Die SAW wou bloot voldoende stabiliteit en veiligheid skep sodat politici in vrede na konstitusionele oplossings kon soek, aldus genl. Jannie Geldenhuys.<sup>3</sup> Dit was gevolglik 'n lae-intensiteit insurgensie-oorlog,<sup>4</sup> 'n mens wil eintlik sê 'n insurgensie- of teeninsurgensie-oorlog van 'n baie, baie lae intensiteit. Volgens een berekening was daar in 1987 maar 'n totaal van 483 “terrorisvoorvalle” wat kontakte en hinderlae, mynvoorvalle, intimidasie én sabotasie ingesluit het. In die tydperk 1979-1987 het 1980 en 1981 uitgestaan as besonder bedrywige jare met onderskeidelik 1 175 en 1 052 voorvalle van dié aard.<sup>5</sup>

Die omvang van die Grensoorlog in wêreldterme is duidelik wanneer 'n mens sodanige syfers vergelyk met byvoorbeeld die 14 592 Amerikaanse soldate wat in 1968 in die oorlog in Viëtnam dood is. In wat in onsensitiewe taal as 'n stil jaar in dié oorlog bestempel kan word, is 1 369 Amerikaanse soldate in 1965 in Viëtnam dood en 6 114 gewond.<sup>6</sup> Hoewel daar seker nooit bo alle twyfel vasgestel sal kan word presies hoeveel mense in die Grensoorlog dood is nie, wil koue statistieke in een publikasie dit hê dat die Suid-Afrikaanse magte teen 1 November 1988 715 man verloor het, PLAN en Angolese verliese is op 11 291 beraam en 1 087 Namibiese burgerlikes is na beraming tot in daardie stadium dood.<sup>7</sup> Die Grensoorlog was dus

<sup>2</sup> K Schoeman, (red.), *Witnesses to war Personal documents of the Anglo-Boer War from the collections of the South African Library* (Kaapstad, 1998), p. 6.

<sup>3</sup> J Geldenhuys, *Dié wat wen. Feite en fabels van die Bosoorlog* (Pretoria, 2007), p. 242. Sien ook pp. 49, 59, 91 en 218-219 vir die SAW se doelwitte in SWA/Namibië.

<sup>4</sup> *Ibid.*, p. 218.

<sup>5</sup> ASJ Kleynhans, *Die stryd teen terreur in SWA/Namibië* (SWA-Gebiedsmag, Windhoek, 1988), p. 19.

<sup>6</sup> Sien die tabel van ongevalle in S Marble, "The Cold War era", in S Trew and G Sheffield, (reds.) *100 years of conflict, 1900-2000* (Gloucestershire, 2000), p. 271.

<sup>7</sup> W Steenkamp, *South Africa's Border War 1966-1989* (Gibraltar, 1989), p. 185.

sonder twyfel 'n konflik van baie beperkte omvang, maar tog kan die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse, Namibiese en Angolese samelewings moeilik oorskakel word. Die Grensoorlog was, soos 'n historikus tereg opgemerk het, vir Suid-Afrikaners “in elke opsig 'n volwaardige oorlog wat hulle lewens vir meer as twee dekades lank in byna elke opsig geraak het”.<sup>8</sup> Juis daarom kan historici, en in die besonder Suid-Afrikaanse historici, die Grensoorlog nie ignoreer of as minder belangrik afmaak nie.

Veral blanke Suid-Afrikaanse mans se lewens is ingrypend deur die Grensoorlog beïnvloed en verander. Ingevolge die Verdedigingswet moes elke blanke manlike Suid-Afrikaanse burger tussen die ouderdomme van 17 en 55 jaar nasionale diensplig in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) doen. Sedert 1977 moes hulle 24 maande se ononderbroke aanvanklike diens doen. Daarna moes verdere diensplig van 720 dae gedoen word oor 'n tydperk van 12 jaar. In die verslag van die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) lees 'n mens dat sowat 22 000 blanke mans elke jaar vir nasionale diensplig aangemeld het en dat nagenoeg 428 774 verpligte militêre diensplig gedoen het sedert 1960, totdat dié stelsel in 1992 geskrap is.<sup>9</sup> Volgens genl. Magnus Malan, 'n voormalige hoof van die SAW en minister van verdediging, is meer as 500 000 dienspligtiges in die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu deur dié weermag opgelei.<sup>10</sup> Sedert die SAW in 1973 die verantwoordelikheid vir die teeninsurgensie-stryd teen PLAN in Namibië by die Suid-Afrikaanse Polisie oorgeneem het, het derduisende van dié dienspligtiges betrokke geraak by die Grensoorlog.

Van hulle en oor hulle, die gewone diensplig-soldate van die Grensoorlog, is nog nie naastenby genoeg gehoor nie. Dié artikel moet gesien word as 'n bydrae, hoe gering en onvolledig ook, om meer van die gewone dienspligsoldaat in die Grensoorlog te vertel. Om dit reg te kry, moet daar eerstens probeer word om vas te stel wie en wat “gewone soldate” in die Grensoorlog was en waarom dit nodig is om meer van hulle en hul wedervarings te wete te kom. Dié soeke na 'n definisie word onder meer toegelig deur te kyk na wat al oor sulke gewone soldate in die Grensoorlog geskryf is. Hul posisie in die geskiedenis word ook vergelyk met dié van ander gewone soldate in sommige konflikte van die 20ste eeu. Daar word ruim van aanhalings gebruik gemaak, sodat soldate en ander waarnemers se stemme self gehoor kan word. Laastens word aandag gegee aan dit waarmee die gewone soldaat meestal in die Grensoorlog gekonfronteer is.

<sup>8</sup> SL Barnard, "Die Suid-Afrikaanse 'Grensoorlog', 1966-1989: Militêre historici by die kruispad." (Intreerede, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 6 Oktober 1993), p. 2.

<sup>9</sup> Truth and Reconciliation Commission of South Africa, *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report, Volume 4* (Kaapstad, 1998), p. 224. Hierna *TRC Report*.

<sup>10</sup> M Malan, *My lewe saam met die SA Weermag* (Pretoria, 2006), p. 89.

## 2. GEWONE SOLDATE

Voordat die Grensoorlog in 1989 tot 'n einde gekom het, is daar bitter min van waarde oor die wedervarings van gewone soldate gepubliseer. Populêre publikasies was wel volop in 'n era toe die blanke Suid-Afrikaanse samelewing toenemend gemilitariseer is. Dié publikasies was egter grootliks daarop gemik om jong mans meer te vertel van diensplig en het probeer om hulle en hul naasbestaendes positief daaroor ingestel te kry. Dit was gevolglik erg eensydig en het niks bevat wat negatief oor die SAW óf Grensoorlog was nie, hoewel dit steeds waardevolle inligting verskaf aan die historikus wat vandag 'n vergane era probeer beskryf. Die enkele akademiese artikels en boeke wat in die tagtigerjare hoofsaaklik in Engels verskyn het, was weer negatief teenoor die stelsel van diensplig en die Grensoorlog en hel oor na die ander kant van die politieke spektrum, hoewel dit steeds akademiese waarde het.

Dienspligtiges het hulle destyds tot fiksie, veral romans en kortverhale, gewend om van hul wedervarings te vertel. Dit is dikwels gedoen in 'n poging om die streng geheimhoudingsklousules van die Verdedigingswet te omseil waaraan dienspligtiges hulle skriftelik onderwerp het. Populêre Afrikaanse fiksie sonder veel literêre waarde wat die militarisering van die samelewing help bevorder het, was ook nie ongewoon nie. Hoewel van dié werke letterkundiges glad nie opgewonde sal maak nie, kan historici dit nie goedsmoeds ignoreer nie:

“Popular fiction does not try to change the world; it simply tries to reflect it. That is, it tends to reflect the majority view, which is why it is so useful to literary and social historians.”<sup>11</sup>

In die sogenaamde nuwe Suid-Afrika wat skaars vyf jaar ná die beëindiging van die Grensoorlog sy beslag gekry het, was dit nie altyd polities korrek vir voormalige dienspligtiges om oor hul deelname daaraan te praat nie. Dienspligtiges van die SAW is gesien as verloorders, deelydse soldate wat die onderspit gedelf het in hul stryd vir die behoud van apartheid en 'n koloniale Suidwes-Afrika. Niemand wou hul stories hoor nie. Gelukkig vir geskiedskrywers het dié siening gaandeweg verander.<sup>12</sup> Die Grensoorlog word in 'n toenemende mate akademies bestudeer en soldate wat grensdiens gedoen het se stemme word al hoe meer gehoor. Sommige voormalige dienspligtiges praat en skryf omdat hulle voel dat hulle niks verkeerd gedoen het nie. Van hulle glo vas dat hulle hul land en mense teen 'n kommunistiese aanslag beskerm het en dat hulle dit weer sal doen as dit nodig is.<sup>13</sup> Ander laat van hulle hoor omdat hulle glo hulle is destyds deur politici mislei om ten minste

<sup>11</sup> M Rice, *From Dolly Gray to Sarie Marais: The Boer War in popular memory* (Noordhoek, 2004), p. 81.

<sup>12</sup> Sien hieroor onder meer K Batley (red.), *A secret burden: Memories of the Border War by South African soldiers who fought in it* (Johannesburg, 2007), pp. xviii, 2 en 122.

<sup>13</sup> *Persoonlike versameling (PV)*: Positiewe ervarings en boodskappe van sommige voormalige dienspligtiges en ander ondersteuners voorgelê by die SAW Simposium, 30 Augustus 1997, Pretoria, verklaring van It. PB de Wet.

twee jaar van hul lewens op te offer vir 'n onregverdig, onwenbare konflik. Een skrywer het sy verbittering teenoor wat hy noem die eerste en moontlik laaste geslag Afrikaners wat nooit self 'n oorlog gevoer het nie, só te kenne gegee: “Julle was die eerste geslag Afrikaners wat julle kinders afgevaardig het om vir julle te gaan sterf.”<sup>14</sup> Een voormalige soldaat het gesê hy wil sin soek in die Grensoorlog deur daaroor te skryf sonder om enigiemand te veroordeel en hy wil sy en sy makkers se ondervindings van destyds deel met diegene wat nie aan dié konflik deelgeneem het nie.<sup>15</sup> Ander voormalige dienspligtiges het weer net die eenvoudige behoefte om te sien dat hul stories vertel word.<sup>16</sup>

Dié toename in verhale en studies oor die Grensoorlog moet uiteraard deur historici verwelkom word. Dit is net jammer dat die verhale van gewone soldate steeds afgeskeep word. Die term “gewone soldate” veronderstel nie lede van spesiale magte soos die Verkenningsskommando's of elite-eenhede, soos 32 Bataljon, nie. Gewone soldate is vir die doel van dié artikel dienspligtiges wat as infanteriesoldate grensdiens gedoen het. Jong manne wat sonder rang en gepaardgaande voorregte soos wit borde en blink eetgerei in offisersmenasies grensdiens in Owamboland gedoen het. Hulle het nie bevel oor ander gevoer nie. Hulle is nie net grens toe vir spesiale operasies nie. Hulle het lank dáár diens gedoen, soms tot so lank as vyf maande óf langer op 'n keer. Van hulle het tot soveel as 13 maande of meer van hul aanvanklike dienspligtydperk van twee jaar op die grens, in 'n vreemde land ver van die huis en geliefdes, deurgebring. Hulle het in moeilike omstandighede ongewilde werk gedoen wat allermins maklik was. Hulle was die openbare gesig van die Suid-Afrikaanse besettingsmag in Namibië wat moes dien as sigbare teenvoeter vir die vegters van PLAN.<sup>17</sup> 'n Mens sal graag meer wil weet van wat hulle gemotiveer het, wat hulle gedink het van hul omstandighede, die oorlog, hul Staande Mag- en diensplig-bevelvoerders, wat hulle op die grens deurgemaak het en wat hul mening was oor die plaaslike bevolking en 'n vyand wat hulle selde, indien ooit, gesien het.

Soos duidelik blyk uit gepubliseerde herinnerings en voorleggings aan die WVK en ander instansies, was dienspligtiges geensins 'n homogene groep wat deur

<sup>14</sup> C Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes* (Kaapstad, 2001), p. 10. Kursivering in die oorspronklike teks.

<sup>15</sup> LJ Bothma, *Die Buffel struikel 'n Storie van 32 Bataljon en sy mense* (Tweede hersiene uitgawe, Bloemfontein, 2008), pp. 5-6.

<sup>16</sup> R Andrew, *Buried in the sky* (Sandton, 2001), p. 198.

<sup>17</sup> Die lewe van PLAN-vegters was nóg moeiliker as dié van dienspligtiges omdat hulle nie die logistieke rugsteun van 'n georganiseerde weermag met byvoorbeeld lug- en ander vervoer en mediese dienste gehad het nie. Die guerrilla-soldaat kry niks nie, is al oor die Rhodesiese Bosoorlog opgemerk: nie kos nie, nie dissipline nie, nie medisyne nie. Hy moet vir homself sorg. H Holland, *Dinner with Mugabe The untold story of a freedom fighter who became a tyrant* (Johannesburg, 2008), p. 127. Dieselfde het vir PLAN-guerrillas gegeld. Sien Steenkamp, p. 187. Hulle het wel die voordeel bo dienspligtiges gehad dat hulle ideologies eensgesind was en vir 'n duidelike doel geveg het, die omgewing geken het en meer as dikwels kon staatmaak op die hulp van die plaaslike bevolking. Daar moet ook net vermeld word dat PLAN-guerrillas, anders as wat eietydse propaganda dit dikwels wou hê, gedugte teenstanders was. Sien hieroor Geldenhuys, p. 219.

'n enkele ideologie gerig is nie. Die meeste dienspligtiges was beslis nie bloed-dorstige rassiste wat net swart mense wou afmaai nie. Daar was sekerlik diegene onder hulle wat só gevoel het. Daar was sekerlik ondersteuners van apartheid onder die duisende dienspligtiges wat grensdiens gedoen het. Van hulle was beslis ondersteuners van die apartheidsregering en die politieke *status quo* in Suid-Afrika en Namibië. Daar was beslis diegene wat gemeen het hulle doen diensplig omdat hulle opofferings moet maak vir hul God, volk en vaderland. Van hulle en hul ouers het seker geglo en glo steeds dat net diensplig van seuns manne kon maak, so asof daar geen ander manier was waarop dié oorgang kon geskied nie.

Maar daar was baie dienspligtiges, miskien die meerderheid, wat nie diensplig en grensdiens gedoen het weens die een of ander ideologiese oortuiging nie, maar omdat dit van hulle verwag is in 'n gemilitariseerde samelewing. Hulle was gewone mense wat in elk geval nie veel van 'n keuse gehad het nie. Tronkstraf en emigrasie was basies die enigste alternatiewe vir diensplig. Verdere studie aan tersiêre inrigtings het die onvermydelike net verder uitgestel en sommige werkgewers het nie sommer mans aangestel wat nog nie diensplig gedoen het nie. Die meeste van hierdie dienspligtiges is direk ná hul skoolopleiding as jong seuns met bitter min lewenservaring weermag toe:

“Nog effens matriek-maer. Sommer 'n seun. Dun gesig. Donsies. Knopknieë. Puisies. Soldaat maak?”<sup>18</sup>

Die SAW was, ondanks die gemilitariseerde samelewing waarin hulle grootgeword het en die stelsel van skoolkadette en veldskole, vir dienspligtiges 'n vreemde, dikwels vyandige, plek waar selfs die taal vreemd was. Soos Bernoldus Niemand (die verhoognaam wat James Phillips soms gebruik het) só treffend gesing het:

“Hou my vas korporaal, Ek is 'n  
kind skoon verdwaal  
Gaan ek weer my cherry sien,  
as ek van die trein afklim  
Ja sowaar korporaal  
Ek speel oorlog met my  
beste dae  
Ja ja ja  
Ek en al my maatjies bymekaar  
...

<sup>18</sup> Dié aanhaling kom uit die kortverhaal "Sy laaste kinderdag" in B Retief, *Tweede prys is 'n houtjas Grensstories uit Wamboland* (Pretoria, 1983) p. 6. Dié versameling vertellings wat volgens die boek se stofomslag op die "werklikheid" gegrond is, is 'n voorbeeld van die populêre fiksie waarna in die teks verwys word. Vir ander voorbeelde, sien J Coetzee, *Verby die wit brug* (Kaapstad, vierde druk, 1981), 'n versameling kortverhale wat meestal in die gesinstydskrif *Huisgenoot* verskyn het, en M Maartens, *et al.*, *Ses wenverhale* (Kaapstad, 1988), verhale wat 'n kompetisie gewen het wat deur *Huisgenoot* saam met die SAW aangebied is. Vir 'n teenpool van heelwat meer literêre waarde, sien die veel meer realistiese A Donaldson, *et al.*, *Forces' favourites* (Emmentia, 1987.) Victor Munnik se verhaal "Mej. Augustus" vertel byvoorbeeld heelwat van soldate op die grens se seksuele frustrasie, 'n onderwerp wat absoluut taboe was in populêre fiksie en publikasies.

Oogklappe sorg vir 'n  
 skoon gewete  
 Dis my plig nie my keuse  
 Hier sit ek, ek sit en vrek  
 Dis nie my skuld maar ek hou  
 My bek  
 Hou jou bek boet!<sup>19</sup>

Dit is sulke jong en dikwels verwarde seuns wat, volgens 'n artikel in 'n vroue-tydskrif, geleer moes word om 'n “effektiewe doodmaakmasjien” te wees wanneer “hy deur die oorlogssituasie gedwing word om sy lewe en sy land te beskerm”. Dít nadat hy aan huis en op skool geleer is dat aggressie en geweld, die beskadiging van eiendom en die neem van lewens verkeerd was en teen beskawingsnorme ingedruis het.<sup>20</sup> Die SAW het wel daarin geslaag om van duisende jong seuns soldate te maak en die meeste van hulle was ook goeie soldate. Gelukkig was dit egter vir die oorgrote meerderheid van dienspligtiges nie nodig om “effektiewe doodmaakmasjiene” in Owamboland te word nie. Daarvoor was die Grensoorlog in dié deel van die wêreld heeltemal te onopwindend vir dienspligtiges wat nie lede van elite- of spesialis-eenhede was nie.

### 3. 'N ONOPWINDENDE OORLOG

In die 20ste eeu was onopwindende oorloë geensins vreemd nie. 'n Lukrake blik op twee van dié eeu se oorloë, sal vir infanteriesoldate van die Grensoorlog bekend lyk. Die niksdoen en verveling tydens die onsinnige beleg van Mafeking in die Anglo-Boereoorlog, was vir een Boer net te veel:

“Ek het gerook totdat my mond seer was van die pyp – toe koffie gedrink tot ek nou eenvoudig nie meer kon nie. Daarná het ek al wat 'n storie was waaraan ek kon dink of waarvan ek ooit gehoor het, vertel, en toe was dit nog maar twaalfuur. Ek was toe maar verplig om maar te gaan stap!”<sup>21</sup>

Die skrywer George Orwell se vrywillige deelname aan die Spaanse Burgeroorlog van die 1930's was nie veel meer opwindend nie. Van aksie en gevaar was daar nie juis sprake nie:

“The things that one normally thinks of as the horrors of war seldom happened to me. No aeroplane ever dropped a bomb anywhere near me, I do not think a shell ever exploded within fifty yards of me, and I was only in hand-to-hand fighting once (once is once too

<sup>19</sup> P Hopkins, *Voëlvry The movement that rocked South Africa* (Kaapstad, 2006), pp. 46-47. Vir die vreemde taal in die SAW, sien GM Venter & DC van der Westhuizen, *Diensplig sonder sukkel* (Pretoria, 1982), ongepagineerde voorwoord. Dit is een van die talle publikasies van die Grensoorlog-era wat probeer het om voornemende dienspligtiges te skool vir wat in die SAW op hulle gewag het.

<sup>20</sup> Die aangehaalde woorde was dié van 'n kliniese sielkundige wat in 'n artikel in die vroue-tydskrif *Rooi Rose* verskyn het. Die *Rooi Rose*-artikel is opgeneem in die Kirkwoodse Suiderkruisfondstak, *Trakteer die troepe/Treat the troops* (Roodepoort, 1983), p. 246.

<sup>21</sup> PS Lombard, *Uit die dagboek van 'n Wildeboer* (Johannesburg, s.a.), p. 37.

Van der Westhuizen • 'n Oorlog wat te voet geveg is: Diensplig-infanteriesoldate in die Grensoorlog,

often, I may say.) Of course I was often under heavy machine-gun fire, but usually at longish ranges."<sup>22</sup>

By 'n latere geleentheid het Orwell opgemerk: "Meanwhile nothing happened, nothing ever happened."<sup>23</sup> Gevolglik het hy en sy makkers hulle meermale aan hul eie welstand en fisieke behoeftes gesteur, eerder as aan die vyand. Dienspligtiges wat grensdiens gedoen het, sou hulle goed met Orwell kon vereenselwig. Hul tydjie in Owamboland was meestal net so onopwindend soos Orwell s'n in Spanje:

"What am I doing here in the first place? Waiting for something to happen, but it never does."<sup>24</sup>

Een dienspligtige het homself tot sy ontsteltenis agterna betrap dat hy terugverlang na sy grensdiensdae omdat hy onder meer die sonnige, sorgvrye dae, sowel as die kameraadskap van sy eertydse makkers, gemis het.<sup>25</sup> Voornemende dienspligtiges wat destyds die moeite gedoen het om van die publikasies te lees wat hulle op 'n weermaglewe moes help voorberei, sou geweet het dat ledigheid en verveling deel van hul lot op grensdiens sou wees:

"Daar is soms klagtes van dienspligtiges wat 'sit en niks doen.' (sic) Die SA Weermag is terdeë bewus daarvan dat elke dienspligtige nie elke minuut van die dag besig is nie – dit geld sekerlik ook vir elke ander beroep. In die oorlog teen terrorisme word die aksietempo van teen-insurgensie deur die terroris bepaal. Sodra daar met hom kontak gemaak is, raak die soldaat aktief betrokke. Sulke insidente is egter eerder die uitsondering as die reël en dienspligtiges, veral in die gevegskorpse, mag 'n hele grensbeurt van vyf maande beleef sonder om in 'n kontak met terroriste betrokke te raak. Dit is 'n oorlog van wag, maar gereedheid te (sic) alle tye is noodsaaklik."<sup>26</sup>

Dienspligtiges se naasbestaendes is gevra om "oënskynlik ledige soldate" te motiveer:

"Die soort oorlog waarmee ons besig is, sal gewen word deur dié wat die waaksamste is – en die langste kan wag. Indien hulle nie daar is om die vyand af te skrik nie, sal ons sonder slag of stoot oorwin word. Hoe langer ons wag, hoe sekerder kan ons wees dat ons besig is om te slaag."<sup>27</sup>

Neem 'n mens uitsprake soos dié in ag, is dit geensins vreemd nie om te lees dat bitter min soldate tydens hul grensdiens in gevegte betrokke was en dat tot soveel as 95% hul gewere net op skietbane gebruik het.<sup>28</sup> Daarteenoor was iemand soos Eugene de Kock van Januarie 1979 tot Mei 1983, as 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie se Koevoet teeninsurgensie-eenheid, in sowat 400 gevegte betrokke in Owamboland en

<sup>22</sup> G Orwell (met 'n voorwoord deur Lionel Trilling), *Homage to Catalonia* (San Diego, 1980), p. 23.

<sup>23</sup> *Ibid.*, p. 72.

<sup>24</sup> Batley, p. 50.

<sup>25</sup> *Ibid.*, p. 104.

<sup>26</sup> G van der Merwe (red.), *Diensplig/National Service '83* (Sandton, s.a.), p. 22. Sien ook P Baddock, *Images of war* (Durban, 1981), p. 89.

<sup>27</sup> L du Preez, *Ek en my soldaat* (Kaapstad, 1987), pp. 52-53.

<sup>28</sup> H Hamman, *Days of the generals* (Kaapstad, 2001), p. xii. Sien ook JH Thompson, *An unpopular war From afkak to bosbefok. Voices of South African national servicemen* (Kaapstad, 2006), p. viii.



Angola.<sup>29</sup> De Kock se berekening mag oordrewe wees, maar volgens 'n ander bron was Koevoet van 1979 tot 1988 in 1 615 kontakte betrokke waarin 2 812 insypelaars dood is.<sup>30</sup> Daar kan dus met reg gevra word waarom daar dan meer aandag aan gewone soldate gegee moet word. Het hulle dan hoegenaamd enige rol van militêre belang in die Grensoorlog gespeel? En kan sulke onopwindende oorloë letsels laat op die gemoed van mense wat daarby betrokke was? Om dié vrae te beantwoord, moet 'n mens kyk na die wese van die Grensoorlog. Op die agterblad van een van die min boeke wat deur 'n voormalige nasionale dienspligtige geskryf is, laat 'n anonieme senior-offisier hom soos volg uit oor dienspligtiges se rol in die Grensoorlog:

“In my view SWAPO, despite inferior weaponry, was ahead of us in most respects. We took a boy who had just matriculated, gave him a gun, two or three months of basic training – and threw him into the middle of a country that he didn't know, people he didn't understand and an enemy he had never seen. No wonder he didn't do very well. Nevertheless, the young conscripts bore a terrible load, for which they received little gratitude.”<sup>31</sup>

Die grootste las van die jong dienspligtiges wat as infanteriesoldate grensdiens gedoen het, was patrollies. Die patrollie, het een skrywer oor dié konflik gesê, is die belangrikste boublok van 'n teeninsurgensie-veldtog soos wat die SAW in Owamboland gevoer het. Die Suid-Afrikaners het volgens hom by ander soortgelyke veldtogte geleer en van die begin af besef dat hulle die terrein van die konflik fisiek moet oorheers anders sal die insurgente die vakuum vul. En dié fisieke oorheersing is veral sedert die SAW se toetreding tot die stryd in 1973 bewerkstellig deur patrollies: ontelbare duisende en selfs miljoene patrollies van allerhande aard in allerhande weersomstandighede.<sup>32</sup> Dié strategie was volgens genl. Jannie Geldenhuys só doeltreffend dat die Suid-Afrikaanse magte een van die suksesvolste teeninsurgensie-veldtogte sedert die Tweede Wêreldoorlog gevoer het:

“Na my mening was dit egter die opgehoopde effek van meedoënlose algemene dag-tot-dag operasies wat ongesiens sukses gebring het. Volgehoue algemene operasies het ons onderskei van ander teeninsurgensie-operasies elders in die wêreld, en dis wat gesag afgedwing het. Ek verwys hier na beskermings- en eskortdienste, grensbewaking, spoorsny- en opvolgoperasies, hinderlae, soek-en-vernietiging en onverbiddeleke offensiewe gebiedspatrollering te voet vir lang periodes, asook knaende agtervolgings.”<sup>33</sup>

Sodanige patrollies, voeg Geldenhuys by, is gedoen op 'n “volgehoue basis, dag en nag, te voet en vir lang tye”. Daar is volgens hom “diep en wyd patrolleer”.<sup>34</sup> Hoewel dienspligtiges op baie min sulke patrollies met die vyand slaags geraak het, was dit sielkundig tog nie 'n maklike las om te dra nie. Een artikel oor die rol van burgermag-soldate in die Grensoorlog wil dit hê dat dienspligtiges, anders as die

<sup>29</sup> E de Kock, & J Gordin, *A long night's damage Working for the apartheid state* (Saxonwold, 1998), p. 87.

<sup>30</sup> P Stiff, *The covert war Koevoet operations in Namibia 1979-1989* (Alberton, 2004), p. 318.

<sup>31</sup> S Webb, *Ops Medic A National Serviceman's Border War* (Alberton, 2008.)

<sup>32</sup> Steenkamp, p. 195.

<sup>33</sup> Geldenhuys, p. 71.

<sup>34</sup> *Ibid.*

Amerikaners in Viëtnam, gelukkig was om nie te ver van die huis af nie as vreemdes in 'n vreemde land te gaan veg, maar as Afrikane in 'n Afrika-land betrokke was.<sup>35</sup> Heelwat voormalige dienspligtiges sal van dié stelling verskil:

“It had been a long day and it was difficult to comprehend that we had travelled about 2 000 km, from a highly civilised world, into an area that was completely wild and undeveloped except for the odd motor car or lorry. For many of us it was to be the first time that we would see the other side of life, that part where civilization (sic) does not exist.”<sup>36</sup>

Vir hulle was Owamboland dus inderdaad 'n ander wêreld. Baie dienspligtiges het hulle gou ontuis gevoel in 'n vreemde, vyandige land waarheen baie van hulle nie gevra het om te gaan nie. Klagtes van soldate dat Namibië nie hul land was nie, dat hulle nie die plaaslike bevolking se taal kon praat nie en dat die meeste van die mense hulle in elk geval nie daar wou hê nie, was geensins vreemd nie.<sup>37</sup> 'n Voormalige dienspligtige het sy gevoelens agterna sterk, maar kort en kragtig, uitgedruk: “We never loved this Namibia.”<sup>38</sup> Benewens die vreemde omgewing, wat dikwels kwaai fisieke eise aan soldate gestel het, het die aard van die oorlog ook nie veel gedoen om dit vir dienspligtiges makliker te maak nie. PLAN het deurentyd gemiddeld tussen 7 000 en 8 000 vegters gehad vir wie dit redelik maklik was om die plat wêreld van Owamboland met sy digte plantegroei en meer as voldoende waterbronne in die reënseisoen vanaf Angola binne te sytel. Tog was daar selde meer as 100 PLAN-insypelaars in Owamboland met sy sowat 350 000 inwoners.<sup>39</sup> Diensplig-eenhede het dit baie moeilik gevind om PLAN-insypelaars op te spoor en die vyand was van die begin af “onsigbaar”. Dit het 'n sielkundige impak op onervare soldate gehad: hulle kon die vyand nooit sien nie en dit was onvermydelik dat die idee later by hulle posgevat het dat die vyand enige tyd op enige plek kon toeslaan en dat niks gedoen kon word om sulke aanvalle te voorkom nie. Soos 'n

<sup>35</sup> W Steenkamp, "The citizen soldier in the Border War", in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 31(3) (Spesiale uitgawe, Desember 2006: Grensoorlog/Border War 1966-1989), p. 21.

<sup>36</sup> *PF*: Border experiences, Boek I, hoofstuk 3, ongepagineerd. Dié handgeskrewe grensherinneringe is die werk van Geoff Lowe (magsnommer 71495170) wat in 1977 as 'n seiner grensdiens gedoen het. Dit is in 'n "Croxley Student's Note Book" met 'n bruin omslag en 'n draadruk neergeskryf. Dit is 'n redelik omvattende en baie leesbare beskrywing van Lowe se ervarings. Ek het dié boekie vir 'n skamele R5 by die Bounty Hunters Charity Shop in Mainstraat in Melville, Johannesburg, gekoop. 'n Vonds soos dié versterk die vermoede dat heelwat geskrewe herinnerings van dienspligtiges nog nie opgespoor is nie. Sien Batley, p. xiii.

<sup>37</sup> Andrew, p. 73.

<sup>38</sup> Batley, p. 88.

<sup>39</sup> Vir die 350 000 inwoners van Owamboland, sien R Leonard, *South Africa at war: White power and the crisis in southern Africa* (Craighall, 1985), p. 69. Vir die getalle van die SAW wat in September 1980 op tussen 70 000 en 80 000 beraam is, sien PH Katjavivi, *A history of resistance in Namibia* (Londen, herdruk, 1989), p. 88. In Leonard word die getal in die vroeë tagtigerjare meer realisties op tussen 20 000 en 25 000 geskat, maar ook selfs so hoog as 100 000 (p. 59.) Vir die getalle van die PLAN-magte, sien Leonard, p. 74 en Kleynhans, pp. 20-21 wat meen daar was in 1987 slegs 1 220 PLAN-vegters wat in Namibië kon optree. Sien J Hooper, *Koevoet!* (Johannesburg, 1989), p. 47 vir die stelling dat daar selde meer as 100 PLAN-insypelaars in Owamboland was. Vir die beskrywing van Owamboland, sien P Moorcraft, *Guns and poses: Travels with an occasional war correspondent* (Surrey, 2001), p. 240.

sielkundige in 'n voorlegging aan die WVK gesê het, het die Grensoorlog verskeie unieke eienskappe gehad waarmee soldate nie in konvensionele oorlog te doen gekry het nie, maar wat ook lei tot post-traumatiese stres:

“These include hit and run tactics, surprise ambushes, extensive use of landmines and booby traps, as well as the stress experienced by people who are primarily town dwellers fighting a bush war. Unpredictability characterises this type of environment and the uncertainty of either attack or safety leads to a high level of anxiety and hyper-arousal in anticipation of the next attack. Whilst the majority of the South African troops were not involved in actual fire fighting, a significant number were exposed to the conditions exposed above. It is these soldiers who have been most likely to suffer the effects of such stress.”<sup>40</sup>

Dienspligtiges was gevolglik ná hul grensdiens dikwels aggressief en het selfs misbruik gevoel. Depressie en skuldgevoelens oor wat hulle op die grens gedoen het óf nie gedoen het nie, was ook nie vreemd nie.<sup>41</sup> Gedragwetenskaplikes het onder meer in 1981 bevind dat geweld, dronkenskap en seksuele frustrasie onder dienspligtiges ook tel onder die gevolge van die Grensoorlog.<sup>42</sup> Dit is dus duidelik dat dienspligtiges in Owamboland dikwels, ten koste van hulself, tog 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse oorlogspoging gelewer het hoewel sulke opofferings nie gemeet kan word aan veldslae en die aantal vyandelike lyke nie. Die stryd in Owamboland was net nie die tipe oorlog waarin sulke dinge altyd belangrik was nie. Dienspligtiges, en veral infanteriesoldate, moes egter nie net die stryd teen ledigheid en die angste aan 'n teeninsurgensie-oorlog voer nie. Fisiek is ook baie van hulle gevra. Groot fisieke opofferings en ongerief was bykans daaglik hul lot in Owamboland en hulle moes nes Amerikaanse soldate 'n verlore stryd voer teen die natuur en elemente in 'n vreemde land.<sup>43</sup> Niks, selfs nie eens die beste beskikbare infanterie-opleiding, kon hulle behoorlik daarvoor voorberei nie. Hulle sou allermens beter gevoel het as hulle vooraf in 'n diensplig-hulpboekie gelees het dat die onkonvensionele oorlog in SWA/Namibië 'n lae intensiteit-oorlog was wat “hoofsaaklik te voet geveg” is.<sup>44</sup> Hul dienspligtydperk op die sogenaamde grens het gevolglik meestal ontaard in 'n onromantiese stryd om basiese oorlewing, een waarvan 'n Engelse soldaat in die Anglo-Boereoorlog hulle veel sou kon vertel:

“The fact is – and I fancy this applies to all sorts and conditions of private soldiers – in our life in the field, fighting plays a relatively small part. I doubt if people at home realize how much in the background are its dangers and difficulties. The really absorbing things are questions of material welfare – sordid, physical, unromantic details, which touch you at every turn. Shall we camp in time to dry my blankets? Biscuit ration raised from three to three and a half! How can I fill my waterbottle? Rum to-night! Is there time for a snooze at this halt? Dare I take my boots off to-night? Is it going to rain? ... and all along the ever-

<sup>40</sup> *TRC Report, Volume 4*, p. 237.

<sup>41</sup> *Trakteer die troepe*, p. 246.

<sup>42</sup> I Nathan, "Resistance to militarisation: Three years of the End Conscription Campaign", in G Moss & I Obery, I. (reds.), *South African Review 4* (Johannesburg, 1989), p. 108.

<sup>43</sup> Sien hieroor G Baines, "'South Africa's Vietnam'? Literary history and cultural memory of the Border War", in *South African Historical Journal* (49), November 2003, p. 185.

<sup>44</sup> Venter & Van der Westhuizen, p. 27.

present problem of the next meal, and how to make it meet the demands of your hunger. ... Shortage of sleep, over-marching, severe fighting, sink into insignificance beside an empty stomach. Any infantry soldier will tell you this; and it is on them, who form the bulk of a field force, that the strain really tells.”<sup>45</sup>

#### 4. PATROLLIES EN DIE STRYD TEEN DIE ELEMENTE

Die las van gedurige patroolie-stap en die ewigdurende, vergeefse stryd teen die natuur en elemente, kan nooit behoorlik vertel word deur die blote opnoem van syfers nie. Maar dit sal geensins skade doen om van sommige syfers kennis te neem nie. Geldenhuys vertel virvoorbeeld dat sappeurs van die Geniekorps tussen 1974 en 1989 in die destydse operasionele Sektor 10, hoofsaaklik in Owamboland, altesame 438 000 kilometer met mynverklikkers gestap het om paaie te beveilig. (Altesame 1 743 landmyne is terselfdertyd gelig en onskadelik gemaak.)<sup>46</sup> Infanteriesoldate het hulle uiteraard vir elkeen van daardie 438 000 km vergesel om hulle te beskerm. Daarby moes infanteriste tientalle patrollies deur die boswêreld van Owamboland stap. Die doel van hierdie patrollies was volgens die SAW om inligting oor insurgente te probeer bekom, topografiese inligting in te samel, die operasies van insurgente te ontwig om sodoende die inisiatief te kry in die stryd om die oorheersing van die grondgebied, om insurgente of hul basisse of hul wapenopslagplekke op te spoor, om hinderlae te lê en om sekerheid te verskaf. Sogenaamde kommunikasie-operasie-patrollies (komops-patrollies) moes ook gery of meestal gestap word as deel van die SAW se poging om die “hearts and minds” van die plaaslike bevolking te wen sodat hulle teen PLAN se insurgente kon draai.<sup>47</sup> Sommige dienspligtiges, soos die mediese ordonnans Steven Webb, het beraam dat hy in sy 14 maande op die grens aan tussen 15 en 20 patrollies deelgeneem het.<sup>48</sup> Al dié patrollies was egter nie voetpatrollies nie. Ander, soos Pirow Leeman, ’n fiktiewe karakter in ’n vroeë populêre grensroman, en sy makkers het opgehou met tel: “Hulle loop net.”<sup>49</sup> Vir een dienspligtige was dit vreemd dat daar ná heelwat aksie in ’n tydperk van ses maande nie veel anders gebeur het as “net patrollies, patrollies, patrollies” nie.<sup>50</sup> Byna alle patrolliestappers het ná ’n dag of wat in die veld herinner aan die beskrywing van ’n “grunt”, die Amerikaanse infanteriesoldaat in Viëtnam wat die swaarste las van dié oorlog gedra het. Die “grunt” was iemand:

<sup>45</sup> E Childers (met ’n voorwoord deur Ian Knight), *In the ranks of the C.I.V.* (The Spellmount Library of Military History, Staplehurst, 1999), pp. 152-154.

<sup>46</sup> Geldenhuys, p. 145.

<sup>47</sup> *PV*: Notaboek van GJ van der Westhuizen, Opleidingslesings vir grensdiens, 8 (Suid-Afrikaanse Infanteriebataljon, 1983), ongepagineerd.

<sup>48</sup> Webb, p. 228.

<sup>49</sup> E Engelbrecht, *Kontak* (Kaaipstad, 1981), p. 10.

<sup>50</sup> Thompson, p. 122.

“who hasn’t slept regularly, and hasn’t eaten regularly, he hasn’t washed or shaved regularly and he’s probably wearing the same clothes for three or four days: I think the term ‘grunt’ evolves from the sound that you make once you sit down. If you have a pack on your back that weighs sixty or eighty pounds, bandoliers of ammunition and a cartridge belt, that’s another eighty pounds, when you walk you grunt, everything becomes an effort ... We didn’t have pack horses; you were your own pack horse.”<sup>51</sup>

Infanteriste kon wel hul rugsakke, soos een skrywer dit wou hê, “wetenskaplik” gepak het om te sorg dat nie eens ’n ekstra gram se gewig saamgedra word nie.<sup>52</sup> Maar sekere noodsaaklikhede kon nie agtergelaat word nie. En dit was swaar, veral ekstra ammunisie. Dit het nog swaarder geword op lang voetpatrollies waarvan sommige tot so lank as 12 dae geduur het.<sup>53</sup> Gereelde patrolliestap het soldate se toerusting gou verweer. Stewels het nie lank gehou nie en soldate het ook gevind dat weermagtoerusting soos grootsakke nie groot genoeg of gerieflik genoeg was nie en planne is gou beraam om dit te vervang met sogenaamde H-raam rugsakke wat soldate met hul eie geld gekoop het.<sup>54</sup> Ekstra waterbottels, goiing-watersakke wat met melkpoeier en kookwater diggemaak is, en ander items soos sweetbande is ook aangeskaf om die lewe op patrollie makliker te maak.<sup>55</sup> Uniforms kon ná lang patrollies nie behoorlik met die hand sonder waspoeier en Sunlight-seep skoon gewas word nie.<sup>56</sup> Uniforms het ook geskeur en soldate kon dit dikwels nie behoorlik in die veld regmaak met die beperkte middele tot hul beskikking nie.<sup>57</sup>

Swak toerusting was egter die minste van die soldate se probleme op patrollie. Daarvoor het die vergeefse stryd teen die natuur en elemente gesorg. Die sagte wit sand in Owamboland het dit vir soldate met swaar stewels en swaar rugsakke moeilik gemaak om te loop en het die sonlig gedeflekteer sodat sonbrillose soldate dikwels hul oë op skrefies moes trek om nie verblind te word nie en hoofpyn gekry het.<sup>58</sup> Die ondraaglike hitte in Owamboland was een van die soldate se grootste vyande op patrollie:

“The day turned out as hot as expected, and within an hour I was soaked with sweat. I had also developed a headache from squinting against the glare of the sun reflecting up from the white sand. To make things more miserable, the miggies (sic) arrived to swarm around my head, get in my eyes and ears and up my nose. It was going to be a long day.”<sup>59</sup>

<sup>51</sup> J Keegan, & R Holmes, *Soldiers A history of men in battle* (Londen, 1987), p. 75.

<sup>52</sup> Retief, p. 20.

<sup>53</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 11 Desember 1983.

<sup>54</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ van der Westhuizen en gesin, 28 September 1983 en GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 28 November 1983.

<sup>55</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 11 Desember 1983, 16 Desember 1983 en ongedateerd.

<sup>56</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 11 Desember 1983.

<sup>57</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 19 Januarie 1984.

<sup>58</sup> *PV*: Border experiences, hoofstuk 5. Sien ook Batley, pp. 35, 72 en 88 en Webb, p. 95.

<sup>59</sup> Webb, p. 213.

Die warm en bedompige klimaat in Owamboland en die dikwels onhigiëniese toestande op patrollies en selfs in basisse het ook tot ander probleme gelei. Daar was talle ander vlieënde en kruipende ongediertes wat soldate se lewens vergal het. “Ek het nog nooit so baie vlieë gesien soos hier nie,” het een in ’n brief aan sy ouers opgemerk.<sup>60</sup> “I used to go crazy with the flies,” het ’n ander later onthou. “There were flies, flies, thousands of flies. It was unbelievable. I hate flies.”<sup>61</sup> Spinnekoppe, skerpioene en slange was ook volop en muskiete was veral lastig in die reënseisoen.<sup>62</sup>

Elke soldaat wat in Owamboland of die aangrensende Angola patroolie gestap het, sal meer as een storie kan vertel van hoe hy en al sy toerusting in reënstorms deurdrink is.<sup>63</sup> In die winter het koue dit veral soggens en saans onaangenaam gemaak vir soldate op patroolie.<sup>64</sup> Die weer wou net nooit saamspeel nie: dit was of te nat, of te droog, of te warm, of te koud.<sup>65</sup> ’n Kroniese tekort aan genoeg kos en skoon water, het menige dienspligtige in die Grensoorlog ook met honger en dors te doen laat kry. Baie soldate was later nie meer té vol femies oor hoe skoon die water was wat hulle gedrink het nie. Hulle het nie probeer om dit skoner te kry met watersuiweringstablette of deur dit te kook nie en vreemd genoeg het dit hulle nie siek gemaak nie.<sup>66</sup> Kos was gedurigdeur in die gedagtes van soldate wat aan die Grensoorlog deelgeneem het en hulself dikwels ver van hul basisse af op patroolie bevind het. Genl. Jannie Geldenhuys, voormalige hoof van die leër en die weermag, het simpatie met honger soldate gehad:

“’n Troep bly maar altyd honger, kom wat wil. En al het hy ’n vol bord kos gehad en nog *seconds* ook, is ’n troep nooit te vol om nog ’n blikkie kondensmelk uit te drink nie. Ek weet. Ek het dit ook gedoen. Ek doen dit nou nog.”<sup>67</sup>

Soldate wat lank op patrollies uit was of aan operasies deelgeneem het, moes gewoonlik met droë rantsone klaarkom. Een optimistiese definisie wou dit hê dat droë rantsone kos was

“wat nie-bederbaar is en uitgereik word vir gebruik in die veld, waar daar nie yskaste beskikbaar is nie. Moderne preserveer-tegnieke word gebruik om ’n groot verskeidenheid smaaklike kos beskikbaar te stel.”<sup>68</sup>

<sup>60</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 19 Januarie 1984.

<sup>61</sup> Batley, p. 45.

<sup>62</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – GJ van der Westhuizen, 11 Desember 1983 en GJ van der Westhuizen – PJ en CGD van der Westhuizen, 4 Februarie 1984.

<sup>63</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ, CGD en I van der Westhuizen, 22 Maart 1984 en 31 Maart 1984. Sien ook Andrew, p. 18.

<sup>64</sup> *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ, CGD en I van der Westhuizen, 5 Augustus 1984.

<sup>65</sup> Steenkamp, *South Africa's Border War*, p. 248.

<sup>66</sup> Vir ’n beskrywing van die groen- en bruinkleurige water waaraan soldate gewoon geraak het, sien Thompson, p. 99.

<sup>67</sup> Geldenhuys, p. 44.

<sup>68</sup> Venter & Van der Westhuizen, pp. 13-14.

Soldate het egter naderhand teë geraak vir droë rantsoene en begin smag na vars kos in die veld. Dié was gewoonlik by die plaaslike bevolking of *cuca*-winkels verkrygbaar. Lede van die plaaslike bevolking se voedselvoorrade was egter onaan-tasbaar weens die weermag se poging om die “hearts and minds” van die mense van SWA/Namibië en Owamboland te wen. Tydens opleiding is breedvoerige riglyne vir gedrag teenoor lede van die plaaslike bevolking gegee. “Los sy hoenders, moenie sy mielies van die land afpluk nie, los sy waatlemoene uit.” Soldate op patrollie is ook uitdruklik verbied om *cuca*-winkels waar ’n beperkte aantal artikels “peperduur” uit klein sinkgeboutjies van die hand gesit is, te besoek.<sup>69</sup> Dié reëls is egter van die eerstes wat verbreek is wanneer die lus na vars voedsel te veel geword het. By *cuca*-winkels kon soldate brood, blikkiesvis, gebottelde bier én die plaaslike brousel kry. Wild is, veral in Angola, geskiet. In SWA/Namibië is van die plaaslike bevolking se beste soms “per abuis” doodgeskiet en was hul hoenders ook gewild onder soldate, al wou die eienaars nie juis daarvan afstand doen nie. Waatlemoene, waarvan daar baie gegroei het, is ook gepluk.<sup>70</sup>

Onnadenkende optrede van dié aard waarmee soldate aan hul basiese behoeftes wou voldoen, het nie veel gedoen om die reeds gespanne verhoudings tussen die soldate en lede van die plaaslike bevolking te verbeter nie. Dit het verder daartoe bygedra om die jong Suid-Afrikaners nóg meer alleen te laat voel in Owamboland. ’n Jaar voor die einde van die Grensoorlog, is van owerheidsweë in Namibië probeer bewys dat die plaaslike bevolking al hoe meer betrokke raak in wat genoem is die stryd teen SWAPO. Bruikbare inligting van die plaaslike bevolking wat gelei het tot “die eliminasië van terroriste of die vind van terroristetoerusting (sic)” het van slegs 64 gevalle in 1983 gestyg tot meer as 2 000 in 1987. “Dit verduidelik waarom die Veiligheidsmagte steeds in volle beheer van die situasie is, ten spyte van die feit dat hulle in 1984 uit Angola onttrek het.”<sup>71</sup> Daar word egter deesdae algemeen aanvaar dat die SAW die stryd om die “hearts and minds” van die meerderheid van SWA/Namibië se inwoners te wen, nes die Amerikaners in Viëtnam, verloor het. En sulke geluide klink nie net op uit die geledere van mense wat Suid-Afrika se militêre optrede in Namibië veroordeel het nie.<sup>72</sup> Dié veldtog was dus ’n mislukking, iets waarvoor dienspligtiges ’n deel van die blaam kan kry. Dit is egter ’n ope vraag of die SAW ooit

<sup>69</sup> *PV*: Opleidingsnotaboek, ongepagineerd. Vir ’n beskrywing van *cuca*-winkels wat dikwels met misleidende name soos “California Inn”, “Los Angeles” en “Country Club” gespog het, sien Moorcraft, pp. 240-241.

<sup>70</sup> Vir blikkieskos en die plaaslike bevolking se beste en hoenders, sien Thompson, pp. 100-102 en 109 sowel as Andrew, pp. 80-81. Vir bier by *cuca*-winkels, sien Webb, p. 193. Vir waatlemoene, sien *PV*: GJ van der Westhuizen – PJ, CGD en I van der Westhuizen, 31 Maart 1984.

<sup>71</sup> Kleynhans, p. 22.

<sup>72</sup> Baines, pp. 188-189. Vir bewerings van wandade deur die Suid-Afrikaanse magte wat gehelp het om die veldtog te kelder, sien T Weaver, “The South African Defence Force in Namibia”, in J Cock, & L Nathan, *War and society The militarisation of South Africa* (Kaapstad, 1989), pp. 96-100. Sien ook Stiff, p. 95.

Van der Westhuizen • 'n Oorlog wat te voet geveg is: Diensplig-infanteriesoldate in die Grensoorlog,

daarin sou kon slaag om die “hearts and minds” van die meerderheid van Owamboland se inwoners te wen, al het die Grensoorlog nog 20 jaar langer geduur.

## 5. EVALUERING

Gewone soldate, veral duisende infanteriste wat diensplig in Owamboland gedoen het, het in die 23 jaar van die Grensoorlog deurgaans 'n baie belangrike rol in die SAW se militêre strategie gespeel. Dit is 'n rol wat nog nie behoorlik deur geskiedskrywers bepaal is nie, hoewel dit, te oordeel aan die uitsprake van 'n generaal soos Jannie Geldenhuys, 'n deurslaggewende en bepalende een was. Dit is 'n rol wat nie alle dienspligtiges gewillig was om te vertolk nie. Hoeveel van hulle onwillig was, maar tog in Owamboland beland het, sal seker nooit bo alle twyfel vasgestel kan word nie. Die geskiedskrywing het nog nie behoorlik aandag gegee aan die motiewe, of gebrek daaraan, van dienspligtiges wat grensdiens gedoen het nie. Dit is nie net geskiedskrywers se skuld nie. Voormalige dienspligtiges het self nog nie genoeg in dié verband gedoen nie, hoewel al hoe meer van hulle deesdae na vore kom. Voormalige gewone infanteriesoldate is nog heeltemal té stil en herinnerings van lede uit ander korpse moet dikwels gebruik word om hul verhale te help reconstrueer. Hulle skuld dit aan hulself, hul naasbestaendes en nasate, maar bowenal aan die geskiedenis, om al hoe meer na vore te kom en hul verhale te vertel.

Dit lyk ook of daar wel nog onontginde bronne is wat gebruik kan word om sulke verhale te vertel. Hoeveel briewe, wat vandag steeds waardevolle historiese bronne is, hoewel dit destyds onder die sensor se pen moes deurloop, lê nie nog êrens in solderkamers en stof vergaar nie? Hoeveel ongesiene dagboeke en ander geskrifte is daar nie nog nie? Hoeveel voormalige dienspligtiges brand nie om hul verhale te vertel nie? Dit hoef nie net verhale te wees van waarom hulle diensplig gedoen het nie. Dit moet ook verhale wees van wat hulle tydens hul grensdiens ervaar het: hul vrese, hul angs, hul ongerief, hul opofferings en hul woede. Sommige voormalige dienspligtiges voel selfs goed omdat hulle twee jaar in die SAW oorleef het en grensdiens gedoen het. Van hulle voel selfs trots op wat hulle vermag het. Dit is hul goeie reg en ook hulle moet aangemoedig word om daarvoor te praat. Dit hoef nie heroïse vertellings te wees nie, want die Grensoorlog het hom selde geleen tot die dramatiese en die heroïese. Kyk net wat het George Orwell vermag met sy relaas van 'n redelik onopwindende oorlog. Soldate, al is hulle deelydse soldate, kan immers ook letsels opdoen in onopwindende oorloë. En dit is nie altyd fisieke letsels nie.

Nie almal is te ingenome met voormalige dienspligtiges se nuutgevonde praat- en skryflus nie. Genl. Magnus Malan, voormalige weermaghoof en minister van verdediging, is een van dié:



“Deesdae is daar ’n klein, maar nogal venynige groepie eertydse dienspligtiges wat elke dan en wan ’n geleentheid probeer skep om allerhande booshede oor die Weermag kwyf te raak, onder meer oor hoe hulle diensplig sou ervaar het en veral oor hoe hulle glo misbruik, wanaangewend of geviktimizeer sou gewees het. Dit is alles bedoel om die vorige politieke en dienspligbestel in ’n ongunstige lig te stel.”<sup>73</sup>

Niemand kan voormalige dienspligtiges egter meer van die reg ontnem om hul stories te vertel nie, wat hulle ookal te sê het. Dit het tyd geword dat hulle namens hulself praat, die tyd toe generaals dit namens hulle gedoen het, is verby. Vir Bernoldus Niemand se verdwaalde kind wil ’n mens amper sê: “Boet, jy hoef nie meer jou bek te hou nie!” Of soos die samestellers van ’n onlangse bundel grensverhale op meer elegante wyse opgemerk het:

“They have a right to be heard – even if they contradict or challenge, with their existential voices, those who still romanticise that unnecessary war, conducted from afar by politicians with ready access to that reservoir of young lives.”<sup>74</sup>

---

<sup>73</sup> Malan, p. 90.

<sup>74</sup> Batley, p. 3.